Vaalpark NG Kerk Geloofsfamilie
Posbus 63327 | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1948
Keiskammalaan | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1947
+27 (0)16 971 3305 | +27 (0)83 953 1286
ngvaalpark@mweb.co.za

***Liewe Geloofsfamilie,***

Ons tema vir die jaar wat besig is om verby te gaan, was die 12 V's vir 2025, waarin ons elke maand stilgestaan het by 'n onderwerp wat met 'n "V" begin het. Ons hoop dat u dit met vreugde ervaar het, en ons wil u graag bedank vir u bywoning deur die jaar.

Ons wil u ook aanmoedig om meer gereeld die eredienste by te woon, soos die Bybel ons leer: "Laat ons op mekaar let en mekaar aanspoor tot liefde en goeie werke, en laat ons nie ons samekoms verwaarloos nie" (Hebreërs 10:24-25).

Met groot dankbaarheid kyk ons terug op die hoogtepunte van die afgelope jaar

Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat vir u onbaatsugtige bydraes — deur u gebede, tyd, betrokkenheid en finansiële ondersteuning kon ons as gemeente groei en verskil maak. Hier volg 'n paar van die besonderse mylpale wat ons saam kon beleef:

• Herstel en nuwe lewe in die Sendinggarage: Die ou sendinggarage het hierdie jaar nuwe betekenis gekry! Die ruimte is omskep in 'n pragtige Kinderkranslokaal, waar ons elke Woensdagmiddag lesse aanbied vir ons Graad 0, 00 en Graad 1–3 kinders. Dit het 'n warm, lewendige ruimte geword waar kinders in die geloof groei, saam leer en geniet om by die kerk te wees.

• Betrokkenheid by die Sentrum van Hoop: Ons gemeente is bevoorreg om elke eerste Donderdag van die maand by die Sentrum van Hoop betrokke te wees, waar ons etes bedien aan tussen 50 en 110 mense. Dit is 'n kosbare bediening van hoop, liefde en praktiese omgee. Ons nooi graag lidmate uit om saam hierby betrokke te raak — of dit nou is deur kos uit te deel, te skenk of voor te berei. As jy graag wil help, laat weet asseblief een van die leraars.

Geloofsfamilie
Vaalpark
NG Kerk
Posbus 63327 | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1948
Keiskammalaan | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1947
+27 (0)16 971 3305 | +27 (0)83 953 1286
ngvaalpark@mweb.co.za

• Die orrelherstel: Ons is baie dankbaar vir elke bydrae wat ontvang is om die herstel van die orrel moontlik te maak. Hierdie projek het nuwe lewe gebring aan ons erediensmusiek. As gemeente is ons ook opreg dankbaar vir Jana, wat met groot entoesiasme en toewyding ons eredienste elke Sondag met haar begeleiding lei.

• Suksesvolle Rolbaldag, Gholfdag en Marathon: Hierdie geleenthede het nie net fondse ingesamel vir die gemeente nie, maar ook ons geloofsfamilie nader aan mekaar gebring in samehorigheid en spanwerk.

• ’n Geseënde Pinksterweek: Ons het ’n besonderse Pinksterweek beleef met Ds. Rudolf Botha as spreker. Sy boodskappe het diep inspirasie gebring en herinner aan die werking van die Heilige Gees in ons midde.

• Kampe en Gemeentesamekomste: Die jaarlikse Gemeentekamp by Weltevrede was ’n groot sukses. Saam om die braaivure is daar diep bande gesmee en heerlik gekuier. Hou gerus die kalender dop vir Gemeentekamp 2026 — ons sien daarna uit! Ons Imagine-kamp was ook ’n besonderse hoogtepunt. ’n Groot groep kinders het saam met duisende ander jongmense op die NAMPO-skouterrein gaan kamp en geloof op nuwe maniere ervaar. Ons sien uit om in 2026 weer deel te neem en hoop om sommer al ons graad 7 tot graad 11-leerders daar te hê. Die Belydenisklas het hul jaar afgesluit met ’n wonderlike kamp by Mooigenoeg kampterrein buite Bloemfontein. Die 19 jongmense wat saam gegaan het, het dit ongelooflik geniet — baie van hulle het selfs gesê dit was baie lekkerder as wat hulle verwag het!

Met groot opgewondenheid maak ons bekend ons tema vir 2026: ***OM NET TE WEES***. In die komende jaar gaan ons na verskillende aspekte van om net te wees kyk, en ons hoop dat u getrou die eredienste sal bywoon.

**Verder wil ons graag die volgende gemeente-aktiwiteite onder u aandag bring en u hartlik uitnooi:**

Posbus 63327 | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1948
Keiskammalaan | Vaalpark | Sasolburg | Suid-Afrika, 1947
+27 (0)16 971 3305 | +27 (0)83 953 1286
ngvaalpark@mweb.co.za

1. Projekte: Op die kerk se deure sal u QR-kodes sien. Gebruik asseblief u selfoon om die kode te skandeer; dit sal u na ’n kort vraelys lei. Hiermee kan u vir ons aandui waar u voel u die jaar betrokke wil raak. Die voortbestaan van ons gemeente is die verantwoordelikheid van elke lid, en ons wil hê u moet betrokke raak by ’n bediening en daar u geestelike gawes uitleef.

2. Finansies: Ons gemeentefees, waar ons die geleentheid kry om weer ons 10de-maand-dankoffer te gee, vind plaas op Sondag, 16 November. U kan gebruik maak van die koevert wat by die kerk beskikbaar is, of deur middel van SnapScan of EFT aan die kerk betaal. Onthou asseblief om dit duidelik as ’n 10de-maand-dankoffer aan te dui. Ons wil elke gemeentelid opreg dank wat getrou hul dankoffer elke maand gee. Dit maak dit vir ons moontlik om, selfs in moeilike tye, as gemeente voort te bestaan.

3. Nagmaal: Ons nooi u graag na ons laaste nagmaalsgeleentheid vir die jaar, wat plaasvind op Sondag, 9 November. Ons nooi ook die finalejaar katkisante uit om saam met hul ouers die nagmaal te gebruik. U is hartlik welkom.

4. Kersangdiens: Ons jaarlikse kersangdiens vind plaas op Sondag, 23 November, met ‘n spesiale optrede deur Du Preez Stoltz. Dit is ’n besondere geleentheid wat u nie moet misloop nie.

5. Matrikulante 2025: Aan al ons matrikulante wens ons as gemeente sterkte toe met hierdie groot en belangrike eksamen in julle lewens. Leer hard, gee jou beste, en julle sal die vrug daarvan pluk.

As leraars wens ons al ons gemeentelede ’n geseënde fees- en Kersseisoen saam met julle gesinne toe. Indien u gaan reis, ry veilig en kom versterk en vernuwe terug in die nuwe jaar.

Groete en vrede,

Deon en Fritz